

Verlossing en die eindtyd



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Johannes 14:9; Sefanja 3:17; Johannes 1:1-3; Romeine 8:38, 39; Psalm 91:15, 16; Openbaring 14:6, 7; Efesiërs 1:4, 5.

Geheueteks:

“Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ’n versoening vir ons sondes” (*1 Joh. 4:10, OAB*).

Wanneer ’n mens die Christelike geloof en die ander nie-Christelike gelowe met mekaar vergelyk, sien jy ’n aangrypende en deurslaggewende verskil: Terwyl die meeste klem lê op die dinge wat hul stigters hulle geleer het, dui slegs die Christelike geloof aan wat hul stigter direk vir die mensdom gedoen het. Geen van die bydraes wat ander gelowe se stigtersfigure gemaak het, kon en kan vir ons verlossing bring nie. Elkeen se leer kom op “selfredding” neer. Die Christelike geloof fokus nie net op Jesus se leer nie, maar ook sy dade. Wat Christus kom doen het, is immers ons enigste verlossing. Die vleeswording van Christus (*Rom. 8:3*), sy kruisdood (*Rom. 5:8*), sy opstanding (*1 Pet. 1:3*) en sy bemiddeling in die hemelse heiligdom (*Heb. 7:25*) — dit is die enigste werke waardeur ons gered word. Verlossing is alles behalwe inherent. “As ’n mens al die goedheid van die mens – alles wat heilig en edel en lieflik in ons is – kon saamsit, om dit dan voor die engele as bydraende rede vir die verlossing van die mensdom aan te bied, sou hulle ons aanbod summier verwerp het. Verraad – dit is waarop dit vir hulle sou neerkom” (Ellen G. White, *Faith and Works*, bl. 24). Hierdie kosbare waarheid is veral belangrik te midde van die gevare en sinsbedrog van ons eindtydwêreld.

* *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 April.*

Die liefde van God die Vader

Kort voor sy kruisiging praat Jesus met sy binnekringetjie oor hoe hulle deur Hom tot die Vader kan gaan. Dit is by daardie geleentheid dat Filippus sê: “Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg” (*Joh. 14:8, OAB*).

Hoe het Jesus op Filippus se versoek gereageer? Joh. 14:9. Wat leer ons daaruit oor God die Vader? Watter wanopvatting oor God behoort dit uit die weg te ruim?

Sommige mense sê dat die God van die Ou Testament vreeslik op reg en geregtigheid gesteld is, in teenstelling met die God van die Nuwe Testament wat die ene genade, barmhartigheid en vergifnis is. Dit is egter nie ’n geldige onderskeid nie. Die God van die Ou en Nuwe Testamente is presies dieselfde persoon, met presies dieselfde karakter. Christus het onder andere aarde toe gekom om God die Vader te openbaar, om wanopvattinge oor Hom uit die weg te ruim. Deur die eeue heen het sekere verkeerde sienings oor God en sy karakter begin psovat, sienings wat nie net deur heidense nasies gehuldig is nie, maar selfs deur God se uitverkore volk. “In duisternis het die mensdom rondgetas, vanweë hul wanopvattinge oor God. As die donkerte tog verdryf kon word, as die wêreld net weer die Here kon vind, sou die mag van Satan se bedrog verbreek kon word” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 22). Dit is enkele redes waarom Jesus aarde toe moes kom. God verander nie. Het ons ’n meer volledige begrip van Ou-Testamentiese gebeure gehad, sou ons kon sien dat God in beide Testamente ewe genadig is. Die Bybel sê immers: “God is liefde” (*1 Joh. 4:8, OAB en NAB*), en boonop verander Hy nie van besluit nie. “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid” (*Heb. 13:8, OAB*). Onthou net, dit was die God van die Ou Testament wat daar aan die kruis gehang het. Daardie God is lankmoedig, barmhartig en genadig, Hy is liefdevol en getrou (*Eks. 34:6, 7*). Sy liefde ken geen einde nie (*Ps. 143:8*) en Hy het ’n groot behae in dié wat Hom dien (*Ps. 147:11*). Dit is sy wil dat ons voorspoedig sal wees, dat ons ’n toekoms hoop moet hê (*Jer. 29:11*). Uit liefde verheug Hy Hom in sy kinders, met liedere van blydschap juig Hy oor ons (*Sef. 3:17*). Dit is (net ’n klein deeltjie van) die wonderlike wese wat God die Vader in werklikheid is.

Dink ’n bietjie daaroor na: Jesus verteenwoordig God die Vader. Hoekom is dit so ’n wonderlike waarheid? Hoekom gee dit ’n mens hoop, veral daardie kere wanneer jy dalk vir Hom bang is?

Die liefde van Christus

Sonde het 'n wig tussen God en die mens gedryf. Dit het 'n skeur so groot soos die kosmos veroorsaak. Wat meer is, die ewige dood sou ons voorland gewees het as daardie twee partye mekaar nie kon vind nie. Dit was 'n diep en dodelike wond. Alleenlik iets buitengewoons en wonderbaarliks kon die sondeprobleem oplos, om versoening tussen die gevalle mens en 'n regverdige en heilige God te bring. Een wat gelyk aan God is – 'n ewige wese net soos Hy – moes eers mens kom word het. En beklee met daardie menslikheid, moes Hy sy lewe as soenoffer vir die mensdom gee.

Lees Johannes 1:1-3, 14 en Filippense 2:5-8. Wat sê hierdie teksverse oor wie Jesus was en is?

Christus het 'n ewige voorbestaan en Hy was (en is) nie van enigeen of -iets afhanklik nie. Hy was volkome God, nie net 'n afskynsel van die Vader nie. Jesus was ten diepste goddelik, 'n ewige wese. Daardie goddelikheid het Jesus met sy vleeswording behou, sodat Hy die wet van God as 'n mens kon onderhou en as plaasvervanger kon sterf vir almal wat die wet gebreek het – m.a.w. Hy het in elke mens se plek gesterf (*Rom. 3:23*). Christus het mens geword, tog het Hy geen voordeel bo ons gehad nie. Hy het die wet van God onderhou, maar nie deur sy eie vermoëns – sy innerlike almag as 'n ewige God – nie. Deur die krag van die Vader wat buite Hom was, het Hy dit geonderhou, die krag waartoe elkeen van ons beskikking het. Jesus was volkome God, maar ook volkome mens. Wat sê dit vir ons? Dat dieselfde God wat “deur die woord van sy krag... alle dinge dra” (*Heb. 1:3, OAB*) ook “die kindjie [is] wat in die krip lê” (*Luk. 2:16*). Dieselfde God wat “voor alle dinge [is]” en in wie “alle dinge stand [hou]” (*Kol. 1:17, OAB*) is ook die een wat hier op aarde as kind “in wysheid en grootte en in genade by God en die mense... toegeneem het” (*Luk. 2:52, OAB*). Dieselfde God van wie die Skrif sê: “Nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie” (*Joh. 1:3, NAB*) is die een wat “vermoor” is, “deur Hom aan die kruis te hang” (*Hand. 5:30, NAB*). As al hierdie dinge dan wys dat Christus ons liefhet, en as daardie liefde 'n spieëlbeeld van die liefde is wat die Vader vir ons het, dan hét ons mos rede tot hope vreugde en dankbaarheid!

Lees Romeine 8:38, 39. Dink nou aan die dinge wat ons tot dusver geleer het. Op watter wyses boesem dit vertroue in, in die belofte wat Paulus ons hier gee?

Die liefde van die Heilige Gees

Wanopvattinge oor die Heilige Gees is amper net so erg soos dié oor die Vader. Die Heilige Gees is al deur party teoloë as die liefde tussen God die Vader en God die Seun beskryf – d.w.s. die Gees is bloot die toegeneentheid tussen Vader en Seun. Dit beteken dat Hy niks meer as ’n verhoudingsmerker tussen twee lede van die Godheid is nie, dat Hy Self nie ’n lid daarvan is nie. Tog strook dit nie met die Skrif nie, wat wel die Heilige Gees as ’n wese in die Godheid beskou. Gelowiges word in die Naam van die Vader, die Seun, én die Heilige Gees gedoop (*Matt. 28:19*), en dit is die Gees wat Christus verheerlik (*Joh. 16:14*). Deur die Gees kom die mens tot ’n sondebeseft (*Joh. 16:8*). Voorts kan die Heilige Gees bedroef word (*Ef. 4:30*). Hy is die Trooster (*Joh. 14:16, OAB*) en die Voorspraak (*NAB*). Hy leer ons (*Luk. 12:12*), tree vir ons in (*Rom. 8:26*) en bewerkstellig ons heiligmaking (*1 Pet. 1:2*). Christus sê ook dat die Gees die gelowige in alle waarheid sal lei (*Joh. 16:13*). Kortom, die Heilige Gees is God, so ook die Vader en die Seun. Saam is hulle een God.

Alles wat die Gees doen, openbaar sy goddelike liefde. Kan jy aan ’n paar dinge wat Hy doen, dink? *Luk. 12:12, Joh. 16:8-13, Hand. 13:2.*

Die grootste bewys ten gunste van die Godskap van die Heilige Gees is die vleeswording van Jesus. Jesus is immers deur die Heilige Gees verwek (*Matt. 1:20*). Slegs God kan mens uit die bomenslike skep. Die Heilige Gees het twee uiteenlopende wonderwerke in die lewe van Christus vermag. Eerstens verwek Hy die alomteenwoordige Christus in Maria. Dit is juis in die gestalte van ’n mens – in die beperkings van die vlees – dat Christus op die ou einde hemel toe is. Danksy die Gees het ons dus die Verlosser, afgebaken deur die vlees; en daarby voeg Hy ’n verdere gawe, ’n wonderwerk: Die aanvoelbare teenwoordigheid van Jesus aan Christene wêreldwyd.

So werk die Heilige Gees dan, tesame met die Vader en Seun, ten behoeve van die mens. “Die Godheid is diepgeraak deur die lot van die mens. Vader, Seun en Heilige Gees het alles, insluitende Hulself, in die stryd gewerp om ’n verlossingsplan vir ons uit te werk” (*Ellen G. White, Counsels on Health*, bl. 222). Die Vader, Seun en Heilige Gees het ons ewe lief en, en doen alles in hul vermoë sodat ons gered en deel van God se ewige koninkryk kan wees. Kan ’n mens somer net daardie swaarbekomde verlossing van die hand wys?

Hoeveel vertroosting kan ’n mens put uit die feit dat die Vader, Seun en Heilige Gees ten behoeve van ons ewige geluk saamwerk?

Verlossingsekerheid

Party Sewendedag-Adventiste wonder of hulle gered gaan word. By sulke mense bespeur 'n mens dikwels 'n voortslepende gebrek aan verlossingsekerheid – hulle is taamlik onseker oor hul ewige lot. Allerhande pogings word aangewend om voorbeeldig te leef. Tog is daar die knaende besef: Ek skiet te kort. Sulke mense kyk dikwels na hul lewens en raak dan vreeslik wanhopig. Maar wie van ons beleef nie oomblikke van vertwyfeling nie? Dit is maar iets wat gebeur, veral wanneer jy jou karakter aan dié van Christus meet of wanneer jy teksverse soos die volgende lees: “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan” (*Matt. 7:14, OAB*). As 'n mens eger gereed vir die eindtyd wil wees, móét jy vandag reeds verlossingsekerheid hê. Ons verlossing is 'n wesentlike feit waarin ons ons moet verheug, ten einde die toekoms sonder vrese tegemoet te gaan. Boonop is elke lid van die Godheid – Vader, Seun en Heilige Gees – daadwerklik by ons verlossing betrokke. Derhalwe kán en móét ons met verlossingsekerheid leef.

Lees die volgende teksverse. Watter hoop en verlossingsekerheid put ons daaruit – hoop en versekering oor die dinge wat die Here vir ons gedoen het en wat Hy nog belowe om vir ons te doen?

Ps. 91:15, 16 _____

Joël 2:31, 32 _____

Joh. 10:28 _____

Rom. 10:9–13 _____

1 Joh. 5:11–13 _____

Ons moet geheiligde lewens lei – daartoe is ons geroepe, en dit is boonop 'n bevel. Sulke lewens spruit eger uit die redding wat Christus vir ons bewerkstellig het. 'n Geheiligde lewe bring nie verlossing nie – dit werk net mooi andersom. Hoewel ons – selfs tot die dood toe – getrou moet wees, berus ons verlossingshoop uitsluitlik op die gawe van verlossing wat God ons skenk. Die lewens van God se eindtydkinders sal van getrouheid en gehoorsaamheid getuig – twee eienskappe wat uit hul verlossingsekerheid spruit, waarvan die wortels die soendood van Christus aangryp.

Die ewige evangelie

Lees Openbaring 14:6, 7. What is die “ewige evangelie” (oftewel die “goeie boodskap”) waarvan Johannes hier praat?

Die evangelie waarvan Johannes hier praat, is klaarblyklik “ewig” van aard – ’n verdere bewys dat God nie verander nie. ’n Onveranderlike God het immers ’n onveranderlike evangelie. Hierdie ewige evangelie bied boonop verlossingsekerheid aan almal wat bereid is om dit te aanvaar. Die evangelie openbaar God se ewige, onveranderlike liefde, en dit is juis daardie boodskap wat aan die mensdom verkondig moet word. Almal moet die geleentheid kry om dit te hoor. Dit is die groot rede hoekom die Here die verkondiging van die blye boodskap aan sy kinders toevertrou het.

“So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees” (Ef. 1:4, 5, NAB). Wat sê dit vir ons oor hoe “ewig” die evangelie in werklikheid is?

In Jesus uitverkies, nog “voordat die wêreld geskep is?” – gewis ’n “ewige” evangelie, nie waar nie! Voor die grondlegging van die wêreld, het God al ons verlossing deur Hom in werking gestel. Let ook op die woordkeuse: “uitverkies,” “genadige beskikking” en “bestem... om sy kinders te wees” (NAB). Hierdie twee versies dui op ’n belangrike feit – naamlik dat die ewige lewe – “in Hom” – God se groot begeerte vir die gelowige is. Die feit dat God hierdie dinge alreeds in die ewige verlede begin uitvoer het (*lees ook 2 Tess. 2:13 en 2 Tim. 1:9*) is tekenend van sy genade. Dit toon dat ons verlossing nie uit enigiets wat ons doen of uit enige inherente gewoonte of karaktertrek spruit nie, maar dat dit geheel en al uit die liefdevolle wese van Christus kom, dat dit sy idee was en is. Hoe kan verlossing dan vanuit die mens kom – m.a.w. ’n produk van ons inherente vermoëns wees – as ons doen voor ons geboorte uitverkies is om daardie verlossing in Christus deelagtig te word? Ons aandeel in hierdie verhaal is om te kies: Gaan ons dit aanvaar of gaan ons dit verwerp? Die vraag is net: Hoe vind daardie uitverkiesing uiting in die lewens van dié wat verlos is? “Om heilig en onberispelik voor Hom te wees” (Ef. 1:4, NAB). Dit is dan ook waartoe die gelowige geroepe is.

Die verkondiging van die “ewige evangelie” – ’n eindtydboodskap ter voorbereiding van die ganse mensdom op die wederkoms – is waartoe ons geroepe is. Hoekom moet elke gelowige die “ewige evangelie” as ’n wesentlike deel van sy/haar lewenswandel ervaar voordat dit met ander gedeel kan word?

Vir verdere studie:

Ons kan dus verlossingsekerheid hê, maar ons moenie arrogant wees nie. Is daar dan so iets soos vals verlossingsekerheid? Beslis. Jesus waarsku ons juis daarteen: “Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?’ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree” (*Matt. 7:21-23, NAB*). Dié soort mense maak twee groot foute. Ten spyte van al die groot dinge wat hulle in die Naam van die Here gedoen het, het hulle eerstens nie die wil van God gedoen nie, naamlik om sy wet te volg nie. Jesus sê nie: “Gaan weg van My af, julle wat sondeloos is” of “sonder foute is” of “wat volmaak is” nie. Nee, dié wat van Hom af moet weggaan, is mense “wat die wet van God oortree.” Daardie sinsnede is ’n vertaling van die Griekse woordjie anomian, wat “wetteloos” beteken. Let, tweedens, op die ek-gerigte wyse van praat en die fokus op die dinge wat hulle verrig het: Ons het mos hierdie ding in u Naam gedoen, nie waar nie? Of: Ons het mos daardie ding in u Naam gedoen, my Heer. Of selfs: Al hierdie dinge wat ons hierso gedoen het, het ons mos in u Naam gedoen. Nee wat, met dié fokus op hul eie werke en dit in ’n poging om hulle in guns by God te bring, was hulle duidelik nie ware volgelinge van Jesus nie! Die enigste werke wat ’n mens kan red, is dié van Christus, wat deur geloof aan ons toegereken word. Hierin is ons verlossingsekerheid – wat Christus, en Hy alleen, vir ons gedoen het, en nie in ons vermoëns of ons werke nie. Smag jy na verlossingsekerheid? Onderhou God se geboorte en beroep jou op die meriete van sy geregtigheid – en jy sal die nodige verlossingsekerheid ontvang.

Vrae vir bespreking:

- 1. Martin Luther het klaarblyklik gesê: “Wanneer ek na myself kyk, lyk dit nie asof ek die hemel gaan haal nie. Wanneer ek na Jesus kyk, lyk dit nie asof ek die hemel kan misloop nie” (vry vertaling). Voorwaar wyse woorde! Hoekom is dit ’n goeie idee om Luther se woorde in gedagte te hou?**
- 2. Dink verder na oor dié idee dat ons lank voor die grondlegging van die wêreld vir verlossing bestem is. Hoekom beteken dit egter nie dat almal gered gaan word nie? As party mense uiteindelik verlore gaan, is die vraag net: Is dit so omdat God dit nie so bestem het nie of a.g.v. die keuses wat hulle gemaak het? Bespreek dit in die Sabbatskoolklas.**
- 3. Ten spyte van die feit dat al drie lede van die Godheid hierdie wêreld liefhet, is dit onteenseglik boos. Hoe help die groot-stryd-scenario (as ’n wesentlike verskynsel) ons om hierdie bose wêreld beter te hanteer?**